No, I think you mistake my question. They searched those (10) houses. You personally searched only two? -- Dit is korrek.

So your personal knowledge of the search that evening goes to your personal knowledge of two houses that were searched. -- Dit is reg.

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR GOLDBLATT: We have been told that a company of 32 Battalion, or I am sorry, a platoon of 32 Battalion went into Phola Park having heard heavy calibre fire from the area. It went in to establish the origin of the fire and to look for wounded from that fire. Are you aware of that evidence? -- Dit is reg. Dit is waarvoor hulle ingestuur (20) was.

To what extent, if at all, was that objective achieved by the platoon that went in. -- Ek was self nie daar nie, maar ek sou sê dat hulle dalk op die persone afgekom het wat gevuur het daardie aand want daar is weer eens op hulle gevuur.

As I inderstood it the platoon went in having heard heavy machine-gun fire? -- Dit is reg.

We have received no evidence that the platoon that went in before you was subject to any heavy machine-gun fire. -- Ek sou nie kon sê of hulle vuur getrek het van 'n swaar kaliber (30)

nie/...

nie.

The next point is, I regard it as unlikely that you would not have come across the home of Mr Msimango that evening and found evidence of the damage and injuries which had been caused in that home in the evening, but I find it very, very unlikely, in fact almost incredible that you, members of your force, did not find any evidence the next morning. Could you just tell us where you searched the next morning? -- Ons het so, ons het van 06:00 tot 07:30 daardie môre, het ons slegs die stegie waarin ons geskiet het, gefynkam. Ons het doppies opgetel, (10) want dit was my opdrag gewees om die doppies te gaan optel. Ek het nie verder tussen die plakkershutte inbeweeg of deur die plakkershutte gesoek nie.

Do you think that Mr Msimango could have approached you for help? -- Dit is reg. Daar was van die plaaslike mense wat met my gestaan en praat het persoonlik daardie môre. Daarso het 'n sosiale werker ook daar opgedaag. Ek kan net nie haar naam op hierdie stadium onthou nie. Sy het ook met my gepraat oor die insident wat gebeur het. Ek kan nie sien hoekom mnr. Msimango my nie genader het nie. (20)

Tell us about this social worker, would you? -- Ons was besig om die doppies op te tel en die blanke vrou het daar aangekom en vir my gevra: "Wat het hier gebeur?" Ek het vir haar gesê daar was 'n skietery gisteraand hierso gewees, maar sy kan verdere inligting by die groep kry.

Have you got any idea of the identity of this social worker? -- Ek het nie 'n idee wie dit was nie.

Could you describe her to us? -- Dit is 'n blanke vrou. Ek sou sê vroeë 30 jare oud. Sy het donker hare en blou oë. Verder sal ek nou nie kan sê nie. (30)

You/...

You were also looking for AK47 spent cartridges, is that correct? -- Dit is reg.

So your search would in fact have gone to the outer reaches of the alley? -- Die mense het vanuit die tuine geskiet van die huise aan weerskante, of aan die kant van die stegie wat ek nou van praat. Die doppies is daar ook opgetel, dit is korrek.

As I understand it you have been called to give evidence which might indicate circumstances which could justify heavy-handedness on the part of the SADF. Could you give us any justification for any kind of heavy-handed conduct on the part of the SADF that evening or in the morning? -- Ek is nie bewus van enige hardhandige optrede die volgende môre nie. Ek dra nie kennis daarvan nie. Ek kan nie daarvan sê nie, maar van die vorige aand kan ek dalk net noem weer eens dat die, die twee gevalle wat ek waargeneem het was, die een geval was buitensporing gewees en ek het onmiddellik die troep ook gestop aangesien die man - maar die troep, ek kan sy oogpunt ook insien want die man het met 'n kombers oor sy skouer tussen die huise rondgeloop en vanuit inligting wat ons gekry het is dit baie keer dat mense wapens wegsteek onder sulke komberse en dit is 'n baie potensieel gevaarlike situasie. Ek kan nie egter nie, hoe kan mens sê, die hardhandigheid wegpraat nie. Dit was daar en dit het gebeur. (10)

VOORSITTER: U het die troepe self gestop om wat te doen? Wat was hulle besig om te doen toe u hulle stop? -- Hulle het die ou man teen die huis vasgegooi en ek, dit was, dit was nie vir my nodig gewees nie want twee mense kan hom maklik vang as hulle net, as die een wat voor gehardloop het net 'n bietjie gewag het vir sy maters dan, en ek self, ek was die derde persoon/... (30)

persoon op die toneel. Ek meen ons is drie mense. Indien hy dan ook 'n wapen gehad het, ons sou die wapen kon kry by hom.

MR GOLDBLATT: There were no special circumstances at work that evening which justified any heavy-handedness? -- Daar was geskiet op die mense.

Right, but you are soldiers. You are trained to expect to be shot at? -- Dit is reg.

You were led into an ambush. I suppose that must be some kind of humiliation for soldiers? -- Ek is nie bewus daarvan dat ons in 'n hinderlaag gelei was nie. Dit het later vir my egter gevoel asof dit 'n hinderlaag kon gewees het, maar ek is nie seker dat dit 'n hinderlaag was nie. (10)

Some 175 rounds, as I understand it - I am sorry, spent cartridges were collected by you and some of your men the next morning. Is that correct? -- Ek is nie meer honderd persent seker oor die presiese hoeveelheid nie, maar dit was in die 170 gewees.

Were those R4 cartridges or did those include AK47 cartridges? -- Dit was slegs die R4 doppies gewees. Daar was 23 en 25 AK doppies ook opgetel. (20)

What would you say if I was to tell you that legal representatives for the victims had handed over some 53 additional spent R4 or R5 cartridges to Warrant-officer Olivier? -- Die dag na die voorval is ons ammunisie heruitgereik uit ons stoor uit en daarso is op die kop 200 R4 rondtes weer uitgereik aan die troepe en dit is 'n baie akkurate telling gewees. So ek neem aan ons het ongeveer 200 rondtes uitgevuur daardie aand. As jy dan vat ons het 175 doppies opgetel, gee dit vir u 25 wat ons nie gekry het nie wat enige tyd kon opgetel gewees het vandat ons uit Pholapark uit (30)

beweeg/...

beweeg het tot die volgende môre. Van die res van die 53 doppies sal ek nou nie kon sê nie. Dit is dalk die hoofrede wat dit in ons orders van ons staande werksprosedures vervat is, die rede hoekom ons die doppies optel op enige skietvoorval want daardie doppies kan net sowel opgetel word en vir 'n latere geleentheid gebruik word en sê die soldate het meer geskiet was wat hulle geskiet het. Ook die polisie is ook toegerus met R4 ammunisie wat vir 'n R5 gebruik word. So indien die polisie dalk ook by 'n skietery 'n week voor die tyd kon hulle ook, kon iemand anders ook daardie doppies opgetel (10) het en dit ook gesê dit is, dit is daardie aand opgetel.

Thank you, the point was well made. When the elderly man with a blanket over his shoulders were seen running away did you actually see him running away? -- Ek het hom self nie gesien nie. Ek het die troep, so die twee, drie man agter my het hom gesien en het hom geïdentifiseer en agter hom aangehardloop, waarop ek toe agter hom aangehardloop het.

What did they say? Did they say: "Lieutenant, there is someone running away", or did they shout at the man: "Stop in the name of SADF", or whatever the battle cry is? -- Ek kan nie (20) spesifiek onthou wat het die troep geskree nie, maar hy het vir die ou man of die man, die ouer man - as ek dit so stel, hy was in sy middeljare gewees - hy het vir hom geskree: "'Hey', stop!"

Did he identify himself? In other words say: "I am part of an SADF patrol" or ... (incomplete) -- Nee, hy het homself nie geïdentifiseer nie.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. DE KLERK: Dankie, ek het geen vrae nie.

VERDERE HERONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: U is 'n goei (30) skut/...

skut, sê u? -- Ek beskou myself as 'n goeie skut.

VOORSITTER: Skerp-skutter? -- Ek sou nie sê 'n skerp-skutter nie want 'n skerp-skutter is 'n, volgens weermag-terme 'n skut wat 85% en 90% uit 100 kan skiet met 'n R4 en dit is baie, baie hoë standaarde.

MNR. PRETORIUS: U het gedink u het die man raakgeskiet, is dit korrek? -- Dit is reg.

U het daardie huis gaan deursoek omdat u gedink het u het hom raakgeskiet, is dit korrek? -- Ek het gaan kyk of ek die man kry wat dalk geval het voor die huis. Toe daar niks is nie (10) en ek agterkom dat ek die huis getref het, het ek die huis vlugtig deursoek, ja.

Maar jy het gedink jy het hom dalk raakgeskiet, is ek reg? -- Dit is reg.

Ek neem aan jy het gaan kyk of jy die man getref het direk na julle geskiet het, direk na die vuur opgehou het? -- Ek het gaan kyk toe ons besig was met die vee-aksie.

Nou verstaan ek jou nie. As jy die man gewond het en jy moet eers onttrek dan gaan daardie man mos wegkom wat jy gewond het? -- Daar, die posisie waarop ek gevuur het was 'n baie nou, (20) 'n klein stegie gewees en ek het geweet dat ons 'n veelinie gaan vorm sodra ons klaar was. So indien ek die man getref het dan sou ek hom wel kry binne 'n kwessie van 10 minute waarna ons tot by daardie huis sou vorder. Ek wou myself egter nie blootstel deur in daardie stegie af te beweeg in daardie stadium nie want indien ek daardie man dan nie getref het nie kon hy maklik vir my 'n hinderlaag gelê het daarso.

Verstaan ek nou jou getuienis reg? Jy dink hy het die man raakgeskiet, jy wil gaan kyk of jy hom raakgeskiet het, jy onttrek eers 100 meter die kant toe en dan met jou vee-operasie (30)

gaan/...

gaan soek jy die man wat jy getref het? -- Dit is reg want daardie man is nie man alleen gewees nie, sy vriende was ook daar naby gewees. Soos ek reeds gesê het, daar is uit sewe posisies uit op ons geskiet. 'n Man sal jouself redelik blootstel as jy dan gaan kyk of jy hom raakgeskiet het. Dit is beter om 'n georganiseerde veelinie te maak. Dan het hy ten minste die "backing" soos die Engelsmanne sal sê.

VOORSITTER: So dan gee jy hom kans om weg te kom, indien hy nie gedood is nie maar beseer is? -- Soos ek sê, ek is 'n goeie skut. Ek het nie geskiet om die man mis te skiet nie, ek het (10) geskiet om hom raak te skiet.

Ja, maar beantwoord die vraag. As jy ander draaitjies gaan maak en wag vir die vee-operasie, dan gee jy die man waarop jy geskiet het 'n tydjie om weg te kom, is dit nie waar nie? -- Nee, dit is reg.

MNR. PRETORIUS: U sê ook hy was in 'n nou stegie, in 'n nou gangetjie gewees, is dit korrek? -- Dit is reg.

Sy posisie sou nie teenaan hierdie stegie gewees het nie. Uit die aard van die saak, die mense wat op julle gevuur het sou 'n entjie weg gewees het. Is dit korrek? Hulle sal op die (20) stegie gestaan het nie, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Hulle sal in die nou gangetjies so 30, 50 meter van hierdie stegie af gestaan het en op julle gevuur het. Is ek korrek? -- Dit is reg.

Die meeste van julle vuur sou in daardie rigting gewees het, is dit korrek? -- Dit is reg.

In hierdie gangetjies af na waar daardie mense gestaan en skiet het? -- Die een spesifieke man, die een spesifieke geval waaraan ek nou aan dink, dit is so, ja.

Uit die aard van die saak, die ervaring van die ander (30)

mense/...

mense van hierdie moes basies dieselfde gewees het? Ons kan nie verwag dat julle aanvallers in dieselfde straat gestaan het waar julle gestaan het, is dit korrek? -- Daar was ook van die aanvallers wat nader aan ons gestaan het en die, dit kan ek nou net getuig van oor die oomblik toe ek inbeweeg in die stegie in. Op daardie stadium, kom ek sê op die stadium toe ek afgaan by, gaan lê het langs luitenant Gruyvenstein, of op ons knieë afgegaan het langs luitenant Gruyvenstein, was daar net daardie een persoon wat op ons twee gevuur het. Verder af in die lyn was die res van die troepe en die manskappe besig met hulle eie (10) identifisering van teikens en deur hulle eie "drills" te gaan. Ek sou nie kon sê waar het daardie mense gestaan nie.

Hoekom het jy die "traces", hoekom het jy die vuurskote dan op hierdie teiken geskiet? Vir wie? -- Oordat ek die leier is van die, van die groep dui ek die teikon ook aan wat ek met die eerste "tracer" gedoen het. Ek het toevallig net drie skote geskiet. Die eerste was om 'n teiken aan te dui en die volgende twee was doelgerig op daardie man wat op my gevuur het en toevallig die huis agter my getref het.

Vir wie het jy die teiken aangedui? -- Die, toe ek (20) inhardloop in die stegie het ek die teiken aangedui vir die res van die magte agter my.

Ek dog u sê hulle het hulle eie teikens bepaal? Het u nie nou so drie antwoorde terug vir my gesê hulle het hulle eie ding gedoen agter u nie? Dit was u en luitenant Van der Mescht nie? -- Dit was ek en luitenant Gruyvenstein.

Gruyvenstein? Was dit nie net u daar gewees nie? -- Miskien het ek myself nie genoeg, goed genoeg uitgedruk nie. Dit is toe ek in die stegie inbeweeg, heel aan die begin, het ek, het ieman op my, het 'n man aan my linkerkant op my begin (30) vuur/...



vuur, waarop ek een skoot teruggevuur het om 'n teiken aan te dui. In die weermag werk dit so, die eerste skoot wat die, wat die leier skiet is dan die teiken aanduiding en daarna moet elke skut sy eie teiken - want daardie teiken kan dalk wissel van posisie, moet hy homself uitsoek en dan vuur indien dit hy dit nodig ag.

Jy sê jy het jou ondersoek by daardie stegie bepaal met die huise wat direk rondom die straat was, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Ek het bietjie van 'n probleem daarmee. Uit die aard van die saak sal julle aanvallers nie in die eerste lyn huise om die stegie gewees het nie. Stem jy saam met my? Hulle sou nie hier by die eerste huis se hoek gestaan het nie? -- Dit is korrek. (10)

Hulle sou af in 'n gangetjie gestaan het by 'n ander huis, is dit korrek? -- Dit is korrek.

So logieserwys, waar sou julle vuur heen gewees het? In die gangetjies af, is dit korrek? -- Dit is korrek, maar daar was nie, soos ek reeds gesê het, die huise rondom die stegie is die, die eerste ry huise en dan ook natuurlik die twee ry huise en dan ook die huise in die eerste ry wat dalk raakgeskiet kon gewees het deur my troepe. Dit is die hoofrede hoekom ons hulle deursoek het. (20)

Die wit huis, hoeveelste ry was hy? -- Dit was die tweede ry gewees.

Jy het 'n afstand geskat vroeër vandag na mnr. Msimango se huis. Hoe ver was dit gewees? -- Ek het gesê dit is ongeveer 35 meter.

Wat vir my interessant is, hoe weet jy van mnr. Msimango se huis en die afstand van hom? -- Ons het, ek dink, ek is nie (30)

seker/...

seker of dit een dag of twee dae na die voorval het ons saam met die weermag, kolonel Loubser van die, van Groep 41 en majoor Van Eeden in die gebied inbeweeg waar ons vir die kolonel wat, hy was besig met die weermagondersoek, vir hom verduidelik het wat het gebeur. Daar was polisiemense saam met ons in geweeg en hulle het toe die huis vir ons geïdentifiseer waar mev. Msimango getref was.

Jy het basies getuienis gegee ter verduideliking hoekom julle mnr. Msimango se huis gemis het in die vee-operasie. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

(10)

Die rede wat jy aangevoer het, julle is opgehou met daardie soek na die wapens. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Jy het toe getuienis gegee dat julle basies nadat julle by die stegie gegee het, het julle in 'n enkellinie geloop, in 'n lyn geloop, en julle was redelik haastig. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Jy het gesê dit is 'n pptensieel gevaarlike situasie. Is dit korrek? -- Dit is reg.

Sou u sê dit was potensieel gevaarliker as wat die posisie vantevore was? -- Ek sou sê dit was dieselfde gewees. Ek was net, my weermagopleiding lei my daartoe dat mens verdeel nie jou mag in twee as jy dit kan help nie. Jou mag is die sterkste in 'n eenheid, as hy in 'n eenheid funksioneer. So ek was, ek was skrikkerig gewees op daardie stadium vir die mense saam met my.

(20)

Jy het ook getuig dat jy nie sou kon skiet op daardie stadium nie. Is dit korrek? -- Indien ons lewens in gevaar sou wees, sou ons kon terug vuur, maar dit sou 'n ongemaklike situasie wees van, want ons mense was dan aan die agterkant, hoewel 'n entjie ver weg, maar hulle was wel aan die agterkant

(30)

van/...

van Pholapark gegroepeer gewees.

Sou die situasie ongemakliker wees as wat dit vantevore daar was? -- Ek sou nie sê dit sou ongemakliker wees nie, dit sou net militêr nie in die doktrine inpas nie.

Het jy getuienis gegee dat julle nie sou kon skiet in daardie situasie nie? Jy het gesê dit was 'n gevaarlike situasie waar jy jou eie mense kon skiet en jy sou nie kon skiet in daardie situasie nie. Het jy so getuienis gegee? -- Wat ek daarmee bedoel het was dat ek my eie mense sou kon raakskiet indien ek nou moes skiet.

(10)

Wat is die verskil tussen daardie situasie en die onskuldige derdes wat getref kon word in die eerste instansie? -- Ek sien geen verskil nie, hoewel dit is my, hoewel my mense ook getref kan word, was dit in albei gevalle - hoe kan mens sê, as mens nou die vergelyking wil hê en moet kan spekuleer, in albei gevalle sou burgerlikes en soldate seerkry.

Daar is ook getuienis gelewer van 'n ander persoon wat dood in sy woning aangetref is en sy woning, soos wat julle ingehardloop het, ook aan die linkerkant van daardie stegie gewees, maar meer na die onderkant van daardie stegie toe. (20) Weet jy hoekom is sy huis gemis in die vee-operasie? -- Ek het nie idee hoekom nie.

Is dit moontlik, jy wat nou Pholapark goed ken, is dit moontlik om elke ou hoekie en gatjie van Pholapark te deursoek na so 'n skietery daar? -- Nee, dit is 'n baie moeilike taak. Ek glo nie jy kan elke hoekie en gatjie deursoek soos die meneer sê nie.

So selfs al was jy nie betrokke by die soek van die vuurwapens nie was dit nog steeds moontlik dat jy mnr. Msimango se huis kon gemis het? -- Dit is nog steeds moontlik gewees, ja, (30)

dat/...

dat ek daardie huis kon mis.

VOORSITTER: Wat my dronkslaan is, nie eers een beseerde mens was gevind in die vee-operasie nie. Waarom is dit so? -- Ek sou nie kon sê nie. Op daardie stadium was ek, dit het self by my ook al opgekom, en soos ek ook al by vorige geleenthede gesê het, dit was vir my bitter eienaardig dat ek so min mense teëgekome het in 'n gedeelte van Pholapark waar ek tog weet dit is, dit is 'n digbevolkte plek, of miskien nie digbevolk nie, maar daar is altyd mense daar. Jy kan altyd daar in die aand daar deur ry en jy sal mense daar kry, maar die spesifieke aand was daar nou niemand daar nie. Dit was, daar was hoeveel huise wat leeg was. (10)

Ja, maar u sal saamstem dat dit laat mens anders dink van die doel van die vee-operasie, is dit nie waar nie? Kyk, as die doel dit is dat ons moet dooies en beseerde vind en indien nodig die aanvallers ook met hulle wapens vind en ons kry niks van daardie goed nie, dan dit laat mens anders dink van die doel van die vee-operasie. Sal u saamstem? -- Ek stem saam.

As mens dit diep daaraan dink, sal u kan sê die vee-operasie het nie geslaag nie, nie waar nie? -- Ek sou ook sê ons vee-operasie was nie geslaagd gewees nie, anderste, ek dink as ons dalk baie meer mense gehad het en ons dit in die daglig sou kon doen dan sal mens dit baie meer deeglik kon doen. (20)

Die vee-operasie was ook nie doeltreffend gewees nie? -- Ek stem weer eens saam. Dit was nie doeltreffend nie, maar as mens vat in die omstandighede waarin dit plaasgevind het, ek meen dit was donker daarso, mense het geskiet op mekaar en ek was self skrikking gewees. Ek neem aan al my troepe was ook skrikking gewees. Mens moet die omstandighede ook in ook, in gedagte hou as jy vat dat die, dat die vee-operasie nie sy (30)

doel/...

doel gestand gedoen het nie.

Mnr. Pretorius, het jy nog 'n vraag?

MNR. PRETORIUS: Asseblief, mnr. die Voorsitter. Ekskuus, ek het versuim om een aspek met hierdie getuie te behandel. Ons het al baie getuienis gehoor dat daar bykans elke aand in Pholapark geskiet word. Is dit korrek so? -- Ek weet van verskeie geleenthede waar daar geskiet is in Pholapark. Ek sou nie sê dat daar elke aand in Pholapark geskiet is nie want ek is nie teenwoordig elke aand in Pholapark nie.

Maar daar word baie daar geskiet? -- Dit is reg, daar word (10)  
baie geskiet daar.

Gaan u elke keer in as daar 'n skietery is? -- By ons, dit was, terwyl ons geopereer het in die omgewing, dit was ons standaard werksprosedures om te gaan ondersoek instel sodra daar geskiet is in Pholapark en enige plek in Tokoza want Tokoza is redelik 'n klein area. Jy kan vanaf die Steunpunt hoor sodra daar geskiet is. Daar was reeds 24 uur per dag het ons patrollies uit. So indien jy hoor daar is, klap skote in kom ons sê in 'n noordelike rigting, wel, die rigting van die "hostels" of enige ander plek, dan stuur ons 'n patrollie (20)  
soontoe om te gaan ondersoek instel.

MNR. TUCKER: Ek wil net gou seker maak, toe die skietery gestaak het, het julle teruggetrek en dan was die besluit geneem om die vee-operasie te onderneem. Wie het die bevel gegee om daardie vee-operasie te onderneem? -- Die bevel het van my kaptein af gekom.

As die kaptein nie sulke bevel gegee het nie sou u daardie vee-operasie onderneem het? -- Dit is reg, ek sou.

Is dit dan 'n standaard prosedure om sulke vee-operasie te onderneem sodra daar sulke skietery is? -- Dit is reg, dit (30)

is standaard prosedure.

So dit was nie nodig vir hom om so 'n bevel te gee nie en u sou dit uself gedoen het. Nou wat is, onder die standaard prosedures en beginsels, wat is die doel van so 'n vee-operasie? -- Die doel van so vee-operasie is dan, hy is aangepas, kan mens basies net sê vir stedelik. Jy gaan dan in 'n vee-operasie, soos wat ons nou die vee nou al leer ken ken, dit gaan daarvoor om gewonde mense, wapens, inligting, daar word verskeie vlakke gedek. Indien jy dalk mense kan kry wat vir u inligting kan gee oor kom ons sê 'n moord, waar weggesteekte (10) wapens, al dit, dit gaan oor verskeie faktore wat jy probeer bewerkstellig, maar die mees belangrikste sou ek sê, is die beseerdes, om beseerdes op te spoor.

Die soldate wat ook daar was, hulle verstaan ook dat dit die hoofdoel van so 'n vee-operasie is? -- Dit is korrek. Dit is reg.

Toe u die bevel gegee het om die vee-operasie te onderneem, het u spesifiek vir die soldate gesê die doel of die hoofdoel van hierdie vee-operasie is om gewondes te vind, of het u niks gesê nie en verstaan dat hulle weet dit wat die (20) hoofdoel sou wees? -- Omdat dit slegs troepe is waarmee ek werk en, herhaal ek altyd maar myself. Mens kan nie jouself genoeg herhaal indien jy byvoorbeeld 'n opdrag gee en jy 'n spesifieke punt wil stres nie. Ek het daardie aand vir hulle gesê: "Ons gaan nou deur en ons gaan beseerdes probeer opspoor en ons gaan ook kyk vir wapens. Dit is ons opdrag. Dit is waarom ons weer bymekaarkom en dit is hoe julle moet werk." Ek het alles vir hulle spesifiek uitgestip presies hoe ek wil hê hulle dit moet doen.

U het net aanbeveel om vir gewondes en vir wapens te soek, (30)

**Collection Number: AK2702**

**Goldstone Commission of Enquiry into PHOLA PARK Records 1992-1993**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* Historical Papers, University of the Witwatersrand

*Location:* Johannesburg

©2012

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.